

7. . SAMEVATTING

7.1 Motivering, doelstelling en begripsbepaling

Gedurende die tydperk 1910-1960 is daar gedurig nuwe aanpassings en hervormings op onderwysgebied in die Transvaalse primêre skole aangebring. Hierdie studie is onderneem om vas te stel watter veranderinge aan beïnvloeding van buite Transvaal toegeskryf moet word en om die beïnvloeding van enkele aangeleenthede in die Transvaalse skoolstelsel aan te dui.

Beïnvloeding vind plaas wanneer 'n verskynsel 'n sintuiglik waarneembare inwerking op 'n ander verskynsel het. Dit kan ook die inwerking van iets op 'n mens wees of die uitwerking van 'n verskynsel op 'n verskynsel om 'n gewysigde of veranderde produk te verkry. In hierdie verhandeling is hoofsaaklik twee aspekte van beïnvloeding van die Transvaalse primêre onderwys tussen 1910-1960 bestudeer, naamlik geforseerde - dit wil sê beïnvloeding teen wil en dank - asook oordeelkundige beïnvloeding wat noodsaaklik was vir die doeltreffende ontwikkeling van die Transvaalse primêre onderwys.

Deskundiges op onderwysgebied het gedurende die tydperk 1910-1960 dikwels in oorsese lande gestudeer en navorsing met betrekking tot vreemde

onderwysstelsels gedoen. So is daar met vreemde onderwysstelsels kennis gemaak, dit is geëvalueer, en die stelsels is voorgehou wanneer daar in Transvaal aanpassings gemaak, of hervormings aangebring moes word. Die beïnvloeding het hoofsaaklik van Engeland en Amerika na Suid-Afrika oorgekom, met die gevolg dat die tradisionele onderwys in Suid-Afrika deur die Anglo-Amerikaanse "moderne opvoedkunde" met sy verskillende vertakings, waaronder die Pragmatisme en die Liberalisme, verdring is.

7.2 Beheer en administrasie van die onderwys

Die beïnvloeding van die beheer oor die primêre onderwys in Transvaal het veral ten opsigte van die sentrale en plaaslike beheer plaasgevind. Die Direkteur van Onderwys het as 'n nuwe onderwysinstelling in die Onderwysdepartement sy verskyning gemaak. Verdeelde onderwysbeheer was vanaf 1910 'n voldonge feit - 'n verskynsel wat uiters nadelig was vir die ontwikkeling van die onderwys. Ten spyte van verskeie pogings deur verskillende regerings- en provinsiale onderwyskommissies wat van tyd tot tyd benoem is in verband met die eventuele opheffing van die verdeelde beheer, was dié pogings tot 1960 vrugtelos.

Statistiese gegewens met betrekking tot die uit-

breiding van die Transvaalse primêre onderwys tot 1960 toon dat die verhoging van skoolplig en die instelling van gratis onderwys belangrike faktore was in die bevordering van primêre onderwys. Inspeksierapporte en gepubliseerde jaarverslae oor die primêre onderwys (beide van Britse oorsprong) het gaandeweg 'n onafskeidbare deel van die onderwys geword en was gevolglik twee belangrike faktore om doeltreffende onderwysontwikkeling te verseker.

Die voorsiening van skoolrade (kragtens Wet no. 25 van 1907) was 'n vreemde verskynsel in die primêre onderwys en hulle oorheersing oor die tradisionele skoolkomiteestelsel was ongewild. Alhoewel skoolrade veel bygedra het tot die ontwikkeling van die Transvaalse primêre onderwys, was die instelling van dié rade die "ondergang" van skoolkomitees omdat ouerseggenskap met betrekking tot die onderwys en onderwyserskeuse grootliks daardeur uitgeskakel is. Direkteur Adamson het openlik verklaar dat die bestaan van skoolkomitees in sy oë weinig waarde vir die vooruitgang van die openbare skool ingehou het.

Oorsese beïnvloeding van die Transvaalse inspeksiestelsel was hoofsaaklik van Britse oorsprong. Die Engelse inspeksiestelsel is in der waarheid op die Transvaalse primêre skole oorgeplant, en verskeie ingevoerde Britse skoolinspekteurs het aanvanklik

die stelsel hier uitgebou. Aangeleenthede soos die kringstelsel, inspekteursverslae, hoofdelike inspeksie (met sy nadele), inspekteurskonferensies, klasinspeksie, en die aflosinspekteur, is enkele sake wat onder andere deel van die Transvaalse inspeksiestelsel uitgemaak het. Die inspeksiestelsel was direk gemoeid met die kwessie van ekssterne eksamens en die uiteindelijke afskaffing daarvan in 1941.

Die invoering van kumulatiewe gegewens in die Transvaalse primêre skoolstelsel is hoofsaaklik van Amerikaanse oorsprong. Nadat die besondere waarde van hierdie aspek ook deur die T.O.D. beseef is, het die invoering van 'n kumulatiewe stelsel geleidelik veld gewen en uiteindelik is die finale (tans nog bekende) Ed. Lab. I-kumulatiewe verslagkaart deur die T.O.D. in gebruik geneem. Die gegewens op hierdie kaarte was van besondere waarde wanneer 'n leerling na 'n sekondêre skool moes gaan, of wanneer 'n beroepskeuse gedoen moes word. Kumulatiewe verslagkaarte wat in primêre skole in die V.S.A. gebruik is, soos byvoorbeeld die "American council cumulative record form", was van groot waarde vir die ontwerp van die plaaslike Ed. Lab. I-kumulatiewe verslagkaart. Die oorsese invloed op die kumulatiewe data van die Transvaalse primêre skoolstelsel moet as voordelig beskou word. Dit het in 'n gevoelde behoefte voorsien, en die

Transvaalse onderwys verbeter en bevorder aangesien daar op wetenskaplik beproefde wyse 'n geheelbeeld van elke skoolleerling gevorm kon word.

Die beleid van sentralisasie is tussen 1910-1960 hoofsaaklik op twee maniere uitgevoer, naamlik deur middel van die beskikbaarstelling van vervoer aan skoolpligtige leerlinge, en die voorsiening van koshuisakkommodasie. Ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), toe die onderwys in Transvaal in Britse hande beland het, is die tradisionele onderwys van die Afrikaner (C.N.O.) vervang met 'n Brits-gestimuleerde, teenoorgestelde beleid, naamlik sentralisasie, dit wil sê deur die kind na die skool te bring.

7.3 Invloede van buite op enkele skoolvakke

'n Skoolvak in die Transvaalse primêre onderwys wat besondere oorsese beïnvloeding ondergaan het, is Liggaamlike Opvoeding (L.O.). Verskeie oorsese L.O.-stelsels, byvoorbeeld die Britse, Sweedse, Deense, Oostenrykse en Duitse, het hulle neerslag in die L.O.-sillabus vir gebruik in Transvaalse primêre skole gevind. Verskillende komponente van L.O., soos onder andere spel, stoel, boks, swem en atletiek, is van Britse oorsprong. L.O. het met verloop van tyd in die Transvaalse primêre skole tot 'n volwaardige vak ontwikkel en grootliks tot

die vordering van die kind bygedra.

Die Sweedse beïnvloeding op die Transvaalse L.O.-sillabus het bygedra tot die verstewiging van goeie dissipline, liggaamlike vorming en die ontwikkeling van 'n mooi liggaamshouding by die primêre skool=jeug. Die Deense stelsel daarenteen, was daarop gemik om spieroefening te bevorder deur van spesiaal ontwerpte oefeninge gebruik te maak en uiteindelik ook 'n regop liggaamshouding te bewerkstellig.

Die Oostenrykse beïnvloeding op die Transvaalse L.O.-sillabus was hoofsaaklik op leerlinge van die eerste leeftydsgroep (5½-6 jaar) van toepassing. Dit staan ook as "Natürliches Turnen" bekend en is die produk van twee Oostenrykse geleerdes, naamlik Gaulhofer en Streicher. "Natürliches Turnen" het algehele vernuwning in gimnastiekonderwys by die klein primêre skoolkinders teweeggebring en het aangetoon dat selfwerkzaamheid in gimnastiekonderwys moontlik is en doeltreffend toegepas kan word.

Sekere oefeninge in die Transvaalse L.O.-sillabus het besondere byval by seuns gevind, naamlik oefeninge waar spierkrag en vaardigheid vereis word. Hierdie tipe oefeninge, wat gehalte en vorm van beweging, meganiese vaardigheid, liggaamsversorging en karaktervorming verseker het, het onder Duitse beïnvloeding gestaan. Dit het L.O. as skoolvak

grootliks bevorder en opgehef tot iets besonders in die primêre skoolcurriculum.

Die invloed van die Humanisme en die Liberalisme op Godsdiensoonderrig in die Transvaalse primêre skole onder die staatstelsel soos in die Smuts-onderwyswet van 1907 vervat, kon tussen die jare 1910-1960 nie voorkom word nie. In 'n land soos Suid-Afrika word skole deur kinders van alle geloofsoortuiginge besoek - 'n verskynsel wat die onderwysowerheid tot versigtigheid maan by die hantering van die godsdiensvraagstuk op skool. Hierdie houding het vervlakking en verwêreldliking van die Godsdiensoonderrig in die hand gewerk, aangesien die deure vir enige heidense onderwyser oop was om die vak te doseer - sowel die uitgesproke humanis as die nie-Christelike liberalis.

Twee persone wat besondere invloed op die Kunsvlyt=syllabus uitgeoefen het, was die Britse opvoedkundige H.H. Horné en die Kanadese geleerde Arthur Lismer. Eersgenoemde was verantwoordelik vir die toesig van die vak Handwerk in die Transvaalse primêre skole. Handwerk was aanvanklik (1910-1935) geskoei op die Engelse "Carpentry"-patroon, maar nā die besoek van Lismer aan Suid-Afrika (1934) het daar 'n verandering in Handwerkonderwys ingetree, wat uiteindelik op Kunsvlyt uitgeloop het. Dit het aan die leerling geleentheid gebied om sy ingebore,

skeppende vermoë tot uiting te bring en om produkte deur praktiese werk te lewer volgens sy psigologiese ontwikkeling.

Die sosialiseringsgedagte in die 20ste eeuse Amerikaanse onderwys het ook sy verskyning in die Transvaalse primêre onderwys in die vorm van 'n nuwe skoolvak, Sosiale Studies, gemaak. In sy wese dui die beklemtoning van sosiale bruikbaarheid daarop dat die onderwys slegs groei en ontwikkeling is - 'n gedagte waarmee die Christenonderwyser hom in die Transvaalse primêre skole nie sonder meer kon vereenselwig nie. Die Christenonderwyser met sy Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing sien die opvoedingstaak soos deur Paulus in die Bybel aangedui: "... sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk, volkome toegerus". Sosiale Studies is in 1960 in die Transvaalse primêre skole gestaak.

Ook ten opsigte van landboukundige onderwys was daar oorsese beïnvloeding. Vanaf 1910 was daar Nederlandse invloed op die Natuurstudiesillabus in die vorm van die sogenaamde Teunissen- en Heimans-Thijssen-rigting. Hierdie aspekte is egter in die Britse sillabus wat in die Transvaalse skole gebruik is, vervat sodat die aanvanklike beïnvloeding eintlik van Brits-Nederlandse karakter was. Ná die "New Education Fellowship"-kon-

ferensie wat in 1934 in Johannesburg en Kaapstad gehou is, het landboukundige onderwys deeglik onder die soeklig gekom. Uitsprake van opvoedkundiges soos S.J. Botha (Kaapland) en Mabel Carney (V.S.A.), het aanleiding gegee tot die stigting van respektiewelik skoolplase en die instelling van landdiensonderwys.

7.4 Oudio-visuele hulpmiddels

Beïnvloeding van buite Transvaal op oudio-visuele onderwys hulpmiddele, asook die radio, het eintlik eers vanaf die dertigerjare van hierdie eeu voorgekom. Weer eens is daar na die Britse skoolradiodiens gekyk en soortgelyke programme is in Transvaalse primêre skole aangebied. Skoolradio-uitsendings is gereeld waargeneem en teen 1960 kon die opvoedkundige waarde wat uit hierdie moderne hulpmiddel voortgevloei het, nie betwis word nie. Filmonderwys is geheel en al van oorsese herkoms. Die rolfiem, filmstrokie en visuele apparaat is van oorsese lande ingevoer wat uiteindelik 'n sogenaamde nuwe klank in die Transvaalse primêre skole bewerkstellig het.

Teen die jaar 1960 was dit moontlik om elke Transvaalse skoolkind - selfs op die mees afgeleë plaasskool - deur middel van die modernste oudio-visuele apparaat te onderrig, danksy die snelle ontwikkel-

ling wat op hierdie gebied gemaak is.

7.5 Tug en dissipline

Oorsese invloede op tug en dissipline in die Transvaalse primêre skole het die tradisionele beskouing van hierdie onderwysaangeleenthede versteur, en die onderwysdeure vir volksvreemde onderwysverskynsels op dié gebied is eintlik onbelemmerd oopgegooi. Die Christenonderwyser het ongelukkig vir baie jare bewustelik of onbewustelik getalm om dié gevaar die hoof te bied. Uiteindelik het die besef tot die onderwysers en Christenopvoedkundiges deurgedring dat nie die mens nie, maar alleen sy Skepper hom kan toerus om die geleedere vir die bedreiginge van die ongeloof en verwêreldliking te sluit. Eers dan sou dit moontlik wees om die opvoeding as 'n goddelike opdrag op Christelike wyse volgens Bybelse voorskrifte uit te voer.

7.6 Ten besluite

Teen die jaar 1960 was daar in Suid-Afrika oor die algemeen, maar in die Transvaal in die besonder, nog nie 'n werklik, eie, unieke onderwysstelsel in primêre skole nie. Die onderwysontwikkeling sedert 1910 toon deurgaans dat daar van 'n gelap en gestop van oorsese en van volksvreemde stelsels gebruik gemaak is. Alhoewel daar tog ook voordele hieraan ver-

bonde was, was die dringende behoefte aan 'n nasionale onderwysstelsel onbetwisbaar, aangesien buite-invloede oor die algemeen gesproke nooit heeltemal kon bevredig nie.

ABSTRACT

EXTERNAL INFLUENCES ON CERTAIN ASPECTS OF THE TRANSVAAL PRIMARY SCHOOL SYSTEM, 1910-1960: AN EVALUATION

This study comprises an investigation into and evaluation of influences from without on a few aspects of the Transvaal primary school system for the period 1910-1960. The South African educational system for Whites is traditionally based on Protestant Christian foundations to which, with the passage of time, various "foreign" influences have become attached.

As a continuous phenomenon, development and renewal in education forces the teacher to acquaint himself with these aspects and to investigate, consider and evaluate the events in education in the recent and even not so recent past. In our rapidly developing western civilization, where developments, discoveries, techniques, methods and trends play such an important role, it is to be expected that education will be affected thereby. By exposing these external influences in the Transvaal primary educational system it may be possible to make a positive contribution which will enable the officiating teacher to be better equipped for his task; a person who is endowed with a broader perspective concerning educational matters, after all, better able to contribute effectively to the educational task.

For this study the historical research method was employed. Historic-educational data were investigated and elaborated upon. The following sources proved particularly useful:

- * Laws, regulations, ordinances and minutes.
- * Reports, conferences and discussions dealing with primary education.
- * The study of articles and magazines, brochures, pamphlets and newspapers.
- * Annual reports of the Transvaal Education Department, 1910-1960.
- * Various publications by local as well as foreign authors in order to obtain a sound perspective of the specific field of study.
- * An orientation with philosophies and schools of thought such as Humanism, Rationalism, Naturalism, Pragmatism and Calvinism as various aspects of this study are affected directly or by implication by these philosophies.

The data obtained from these sources were evaluated, arranged meaningfully, and described as objectively as possible.

In this treatise it is shown how the Afrikanders, having been vanquished during the Anglo Boer War (1899-1902), were deprived of their traditional C.N.O. The "Boer" or Afrikander child was forced to receive his education in accordance with the British educational system. Aiming to include the Afrikander in the mighty British Empire, the victorious British started with the schools. The Afrikanders were purposefully denationalised in order to achieve this imperialistic aim. A few aspects in the primary school system were, therefore subjected to an intensive examination to ascertain the qualitative as well as quantitative degree of influence, not only of British origin but also that of other western nations which influenced the Transvaal primary educational system.

Chapter 2 concerns itself mainly with the central control in the form of the Transvaal Education Department of which the Director of Education is the senior member. Local controlling bodies such as school boards and school committees are also investigated.

Education administration is the topic of chapter 3. The system of inspection, the abolition of external or public examinations, the introduction of cumulative report cards and centralization are probed.

Chapter 4 deals with the curriculum of the Transvaal primary school system, with specific reference to outside influence regarding the following five school subjects: Physical Training, Religious instruction, Art, Social Studies and Agricultural Studies.

Audio-visual aids and the importance of these modern aids in education, especially since the second quarter of the 20th century are under discussion in chapter 5. Some of these educational aids have also been introduced into the Transvaal school, i.e. radio and audio-visual apparatus and their influence has been indicated.

Chapter 6 is concerned with the outside influences on such matters as punishment and discipline in the Transvaal primary school and chapter 7 comprises a short resumé of the entire study.

A factor which contributed largely to South Africa becoming a unique market for an endless stream of American and English publications on Psychology, Social Sciences and especially Pedagogies is the fact that language here presented no communication problem. Both America and England make use of English which is one of South Africa's official languages. This has resulted in our Pedagogies, together with its related subjects, having an

English-American orientation. It is clear that the "C.N.O." dating back to the Z.A.R., has been superseded by a so called modern form of education, especially from the pragmatic United States of America.

By 1960 there was as yet, neither in South Africa in general nor in the Transvaal in particular, any truly unique education system of its own, in primary schools. Developments in education since 1910 indicate a continual implication of a patchwork of foreign systems, which are strange and foreign to the national spirit of the people. Although the benefits attached to these systems should not be negated, the need was, nevertheless, very strongly felt for the implementation of a national education system as outside influences can, generally speaking, never completely satisfy this need.